

Die inhoud van hierdie dokument mag nie gewysig word of gekopieër word sonder die skriftelike toestemming van die US nie.

Hoewel die US alle redelike pogings aangewend het om die akkuraatheid en volledigheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, is die US nie aanspreeklik of verantwoordelik teenoor enige persoon of entiteit vir enige foute, weglatings, verlies of skade wat uit die gebruik van die inligting mag voortspruit nie.

Bekostiging van drie scenario's vir 'n US Taalbeleid

Vorberei vir die 2021-hersieningsproses van die Taalbeleid

27 Mei 2021

Inleiding

As deel van die hersieningsproses van die 2016-Taalbeleid in 2021 is **drie kosteberamings** gedoen om die werk van die taakspan, die Rektooraat, die Raad en regsadviseurs te rig met verwysing na die deurvoeringskoste van elke opsie:

- A) die **huidige veeltalige Taalbeleid (2016)**;
- B) die **eerste konsepweergawe van die hersiene Taalbeleid**, soos op 21 Maart 2021 vir openbare konsultering bekendgestel; en
- C) 'n **volledige parallelmediumonderrig- (PMO-)opsie** vir alle voorgraadse modules.

In die uiteensetting van hierdie kosteberamings word 'n aantal *kwantifiseerbare items* vir elk van die drie opsies uitgewys en word 'n aantal *aannames* gemaak soos by elk van die opsies vermeld. Byvoorbeeld: huidige besteding op PMO is as vertrekpunt gebruik, aangesien die US huidig nie bekostiging per module bereken nie; die kostenorme van die Departement van Hoëronderwys en Opleiding (DHOO) is gebruik om die verbandhoudende infrastruktuurkoste te bereken (tersaaklik by opsie C); en aannames is gemaak oor hoeveel tyd 'n personeellid tipies op vertaling en teksredigering bestee, ten einde die implisiete koste te bereken wat dit inhou om 'n veeltalige taalbeleid deur te voer. Ander, *onkwantifiseerbare oorwegings* (d.w.s. buiten die finansiële oorwegings) wat in ag geneem moet word, word ook by elke opsie aangedui.

'n Eerste weergawe van die bekostigingsdokument is saamgestel met behulp van inligting soos voorsien deur Inligtingsoorsigbestuur, die Afdeling vir Leer en Onderrigverryking, die Registrateur se Verantwoordelikeheidsentrum, Finansies, Fasiliteitsbestuur, en Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking. 'n Verwysingsgroep is toe byeengeroep wat verteenwoordigers van hierdie Sentra sowel as fakulteitsvertegenwoordigers bevat om op die eerste konsep kommentaar te lewer en dit te bespreek om uiteindelik die volgende te verifieer en bevestig:

- a) aannames gebruik om die model te bou;
- b) onderliggende databronne;
- c) manier wat die onderliggende databronne gebruik is; en
- d) berekeninge.

Wat **opsie A** (die huidige, veeltalige Taalbeleid [2016]) betref, is die volgende *kwantifiseerbare items* met onderliggende *aannames* toegepas soos in die betrokke afdeling uiteengesit:

- a) institusionele jaarlikse toewysings aan fakulteite en aan professionele en administratiewe steundienste (PASD's) vir PMO, vertaling en redigering;
- b) institusionele jaarlikse toewysings vir tolkdienste (simultaan, SA Gebaretaal en toerusting);
- c) institusionele jaarlikse bydrae tot die Taalsentrum; en

- d) implisiete personeelverwante koste.

Voorbeelde van ander *oorwegings* wat vermeld word maar nie gekwantifiseer is nie: die ingewikkeldheid van skedulering; en die realiteit dat die aantal studente wat die Afrikaanse stroom van die PMO-aanbod bywoon, sowel as die aantal dosente wat in Afrikaans kan onderrig en assesser, aan die afneem is en tot die ingewikkeldheid bydra.

Wat **opsie B** (die eerste konsepweergawe van die hersiene 2016-Taalbeleid) betref, is die volgende *kwantifiseerbare items* met onderliggende *aannames* toegepas soos in die betrokke afdeling uiteengesit:

- a) alle items soos by opsie A; en
b) die koste daarvan om te voldoen aan die onderstaande voorskrif in die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderrigsin stellings (2020)*:

Alle amptelike interne kommunikasie moet in Afrikaans, Engels en Xhosa geskied.

Wat **opsie C** ('n volledige PMO-opsie vir alle voorgraadse modules) betref, is die volgende *kwantifiseerbare items* en onderliggende *aannames*, soos in die betrokke afdeling uiteengesit, vir **PMO in lewende lywe** in ag geneem:

- a) bykomende infrastruktuurkoste en wat dit die Universiteit sal kos om sodanige infrastruktuur te finansier en in stand te hou (totale lewensikluskoste);
b) bykomende ruimte wat benodig sal word;
c) bykomende personeelkoste;
d) die moontlike impak op studentegelde; en
e) die moontlike impak van nuwe infrastruktuur op die omgewing (koolstofvoetspoor en koolstofbelasting).

Ander infrastrukturele en ruimtelike *oorwegings* wat vermeld word maar nie gekwantifiseer is nie: die beskikbaarheid van geskikte ruimtes, en die bykomende kantoorryimte vir bykomende personeel. Die ingewikkeldheid van PMO-skedulering wat onder opsie A vermeld word, geld ook hier.

Vir **tegnologie-gemedieerde PMO** is die onderstaande *kwantifiseerbare item* en onderliggende *aannames*, soos in die betrokke afdeling uiteengesit, in ag geneem:

- a) oorklankingskoste;
b) die getal bykomende personeellede; en
c) die moontlike impak op studentegelde.

Soos by die berekening vir die in-lewende-lywe-opsie, is bykomende kantoorryimte vir bykomende personeellede nie gekwantifiseer nie. Daar is ook ernstige *oorwegings* rakende die pedagogiese verantwoordbaarheid van hierdie asinchroniese opsie – d.w.s. waarvolgens studente uit een (taal)groep 'n ruk ná die werklike lesing toegang tot die oorgeklankte lesing kry: Hulle ontbeur die voordeel van intydse kollaboratiewe interaksie met die dosent, terwyl die studente uit die ander (taal)groep wel daardie voordeel het. Die waarde van die oorgeklankte lesing op sigself – d.w.s. die waarde daarvan vir hersiening en vaslegging – word nie bevraagteken nie; eerder of dit 'n billike

oplossing is as slegs een van die klasgroepe kan baat by die kollaboratiewe interaksie tussen studente onderling, en tussen studente en dosent, tydens 'n lesing.

A) Die huidige US Taalbeleid (2016)

1. Die deurvoeringskoste van die huidige Taalbeleid is oorweeg aan die hand van die onderstaande bedrae, wat vir 2021 begroot is:

Toewysings aan fakulteite vir PMO en vertaling	R22 331 219
Toewysing aan PASD's vir vertaling en redigering	R2 464 797
Toewysing vir tolkdienste	R6 872 570
Toewysing vir SA Gebaretaal-dienste	R807 000
Toewysing vir tolktoerusting	–
Institusionele bydrae tot die Taalsentrum	R12 430 705
Groot totaal	R44 906 291

Tabel 1: Totale begroting vir die implementering van die bestaande Taalbeleid

Altesaam **R44,9 miljoen** is dus op die US se hoofbegroting vir 2021 toegewys vir die deurvoering van die Taalbeleid.

2. Dit beloop **0,7% van die US se totale geïntegreerde begroting** (\pm R6,9 biljoen), en sluit nie die geld in wat fakulteite aan bykomende steun bestee nie.
3. Die **diskresionêre** deel van die hoofbegroting beloop R318,5 miljoen. Dit is fondse wat nog nie geormerk is om vaste uitgawes (bv. salarisse) te dek nie. Die 2021-begroting vir die deurvoering van die Taalbeleid kom dus te staan op 14,0% van die totale diskresionêre fondse in die hoofbegroting.
 - 3.1. 'n Ernstige *oorweging* is dat die diskresionêre fondse elke jaar volledig op sekere institusionele uitgawes (soos werwingsbeurse) bestee word. Enige hertoewysing van verdere diskresionêre fondse sou dus verg dat sekere prioriteitwerkzaamhede gestaak of ingekort word. As ons befondsing vir taal as prioriteitsaak verhoog, behels dit dat toewysings aan ander strategiese prioriteite verminder moet word (geleentheidskoste binne 'n gebalanseerde begroting).
4. Die kwantifisering van **implisiete personeelverwante koste** in die vorm van tyd wat bestaande personeel daaraan bestee om lesingmateriaal, eksamenvraestelle, verslae, aanbiedings, e-posse, ensovoorts uit Afrikaans in Engels en andersom te vertaal, werk op 'n bykomende bedrag van **R90 miljoen per jaar** uit. **R52 miljoen** daarvan is vir tyd wat bestee word deur akademiese personeel wat uit die hoofbegroting vergoed word.
 - 4.1 Hierdie berekening is op die onderstaande *aannames* gegrond:
 - 4.1.1 dat alle **akademiese personeel** tot op posvlak 10 wat uit die **hoofbegroting** bekostig word, gemiddeld twee ure per week aan sodanige take bestee, en dat alle **akademiese personeel** tot op posvlak 10 wat uit **ander fondse as die hoofbegroting** bekostig word, gemiddeld 45 min per week daaraan bestee;

- 4.1.2 dat alle **nieakademiese personeel** tot op posvlak 10 wat uit die **hoofbegroting** bekostig word, gemiddeld twee ure per week aan sodanige take bestee, en dat alle **nieakademiese personeel** tot op posvlak 10 wat uit **ander fondse as die hoofbegroting** bekostig word, gemiddeld 45 min per week daaraan bestee;
 - 4.1.3 dat dit 1 950 werksure per jaar verteenwoordig;
 - 4.1.4 dat 2020-personeelgetalle uitgedruk is as die getal voltydse ekwivalente seniorlektorekwivalente (VE-SLE); en
 - 4.1.5 dat 2021-waardes van basisvergoedingsvlakke (BVV) gebruik is.
5. Die omvang van die beraamde **bestaande** implisiete personeelverwante koste raak duidelik as dit uitgedruk word in verhouding tot die getal voorgraadse studente teen die einde van 2020, naamlik **20 213**. Die implisiete **administratiewe- en akademiesepersoneelkoste (R90 miljoen per jaar)** beloop dus **R4 452** per student, oftewel **8,9%** van die studiegeld vir 'n gemiddelde voorgraadse student, wat ±R50 000 per jaar is. As die implisiete koste verreken word van **slegs akademiese personeel** wat uit die hoofbegroting vergoed word (**R52 miljoen per jaar**), beloop dit **R2 572** per student, oftewel **5,1%** van ±R50 000 ('n gemiddelde voorgraadse student se jaarlikse studiegeld).
6. Twee kernbelangrike *oorwegings* rakende die deurvoering van die huidige Taalbeleid:
- 6.1 Dit veroorsaak koste en 'n gekompliseerde rooster as verskeie lesinglokale benut word ten einde PMO as 'n lesing te lewer deur dit óf tegelykertyd in twee verskillende lokale aan te bied óf in twee verskillende tydgleuwe in dieselfde lokaal. 'n Verdere kompliserende faktor is die realiteit dat die **getal studente wat die Afrikaanse lesingstroom bywoon, afneem**: Dit raak onwerkbaar om 'n groot groep (bv. 400 studente) gelykop in twee klasgroepe te verdeel en slegs twee lokale vir twee klasgroepe (bv. 200 studente elk) te skeduleer. Dikwels moet groot klasse in drie groepe verdeel word, aangesien die Engelse PMO-stroom die maksimum getal studente per lokaal oorskry (bv. as 350 studente die Engelse stroom volg en 50 die Afrikaanse stroom, moet die Engelse groep in twee kleiner groepe verdeel word, wat 'n bykomende lokaal verg). Gevolglik vind daar drie lesings (twee in Engels en een in Afrikaans) in drie lokale plaas, eerder as slegs twee lesings (een in Engels en een in Afrikaans) in twee lokale. Dit is nie maklik kwantifiseerbaar nie.
 - 6.2 **Die persentasie dosente wat in Afrikaans kan onderrig – en veral assessee – is ook aan die afneem.**

B) Die eerste konsepweergawe van die hersiene 2016-Taalbeleid (bekendgestel 21 Maart 2021)

1. In die oorweging van die deurvoering van die **eerste konsepweergawe van die hersiene 2016-Taalbeleid** bly die onderrigopsies en verbandhoudende koste waarna hier bo verwys is, onveranderd. Dit sal egter koste meebring om die onderstaande klousule uit die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020)* deur te voer:

Alle amptelike interne kommunikasie moet in Afrikaans, Engels en Xhosa geskied soos in die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) voorgeskryf. In 'n noodgeval moet sodanige kommunikasie geskied in die taal of tale wat waarskynlik die doeltreffendste sal wees.

- 1.1 Die onderstaande is 'n oorsig van slegs die vertaalkoste (op grond van die toepaslike koste per woord vertaal uit Engels/Afrikaans in Afrikaans/Engels en uit Engels/Afrikaans in Xhosa) om bestaande dokumente (soos kodes, riglyne, beleide, reëls en statute), toekomstige amptelike kommunikasie (vanuit die Rektorat en die Raad, uitgawes van die *US Jaarboek* en *Jaarverslag*) en US-webbladsye (bestaande sowel as toekomstig) in die drie voorgeskrewe tale beskikbaar te stel:

- 1.1.1 die vertaling van die tersaaklike materiaal wat reeds bestaan – **aanvanklike koste van R3,649 miljoen**; en
- 1.1.2 die jaarlikse voortgesette vertaling van verbandhoudende nuwe of bygewerkte materiaal (verwys na 1.1.1) – na beraaming **R13 814 miljoen per jaar**.

Aanvanklike koste	
Kodes, riglyne, beleide, reëls en statute (bestaande dokumentasie)	R589 651
Webblad (vertaling van huidige materiaal in Xhosa; Afrikaans meestal reeds gedoen; bestaande tekste)	R2 629 250
Programkoördineerder (posvlak 9)	R430 000
	R3 648 901
Voortgesette koste	
Amptelike kommunikasie vanuit die Rektorat en Raad (voortgesette kommunikasie)	R68 256
Senaats- en Raadsdokumente (voortgesette dokumentasie)	R5 165 060
<i>Jaarboek</i> (voortgesette dokumentasie)	R1 681 048
Webbladhersiening per jaar (vertaal Engelse grondteks in Afrikaans en Xhosa vir dag-tot-dag-hersiening van bestaande bladsye; voortgaande)	R4 852 575
Webbladuitbreiding per jaar (vertaal Engelse grondteks in Afrikaans en Xhosa vir dag-tot-dag-skepping van nuwe bladsye; voortgaande)	R1 617 525
Programkoördineerder (posvlak 9)	R430 000
	R13 814 464

Tabel 2: Koste van vertaling om met die Taalbeleidsraamwerk te belyn

1.2 Hierdie vertaalkoste **sluit nie** die volgende in nie:

- 1.2.1 die koste van die formatering en uitleg van publikasies in Xhosa, wat deur 'n Xhosa-spreker gedoen behoort te word en ernstige gevolge vir die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking sal inhou;
 - 1.2.2 die koste van die bykomende tyd en werkkrag wat beraadslaging tussen die Xhosa-vertaler en die betrokke akademiesepersoneellid wat die tegniese module-inhoud vir die *Jaarboek* verskaf, elke jaar gaan verg aangesien die vertaler nie in isolasie sal kan werk nie; en
 - 1.2.3 die koste (uitgedruk as bykomende tyd) wat beraadslaging met ander professionele vertalers en terminoloë aan ander instellings wat Xhosa as 'n akademiese taal gebruik, gaan verg, aangesien gestandaardiseerde akademiese terminologie nog nie in Xhosa gevestig is nie.
- 1.3 Die omvang van die bronne wat Xhosa-vertalings sou verg, asook die bykomende werklading wat dit sou behels (vir die webbladspan, grafiese ontwerpers en ander lede van die kommunikasiespan), onbekend.
- 1.4 Die omvang van die beraamde voortgaande (jaarlikse) **toekomstige** vertaalkoste kan uitgedruk aan die hand van die getal voorgraadse studente (NSFAS-studente uitgesluit), naamlik 16 845 (21 000 minus 4 155 NSFAS-studente). Die rasionaal vir die uitsluiting van NSFAS-studente is dat hulle studentegelde aan 'n perk onderhewig is en geen bykomende koste dus van hulle verhaal kan word nie.

Die **R13,814 miljoen vertaalkoste per jaar** werk dus uit op **R820** per student, oftewel **1,6%** van 'n gemiddelde voorgraadse student se onderriggeld (\pm R50 000 per jaar) addisioneel tot die implementering van die bestaande beleid.

C) Volledige PMO vir alle voorgraadse modules

1. Wanneer die moontlikheid van volledige PMO oorweeg word, moet die deurvoeringskoste van die huidige beleid (opsie A), die bykomende infrastruktuur en personeelkoste om PMO te lewer, asook die moontlike impak op studentegelde in ag geneem word.
2. Soos by opsie A vermeld, is **R44,9 miljoen** alreeds vir die deurvoering van die huidige Taalbeleid in 2021 begroot.
 - 2.1 Dit beloop 0,7% van die **totale geïntegreerde begroting** (±R6,9 biljoen), oftewel 1,4% van die Universiteit se hoofbegroting – sonder inagneming van die geld wat fakulteite op bykomende steun bestee.
 - 2.2 Die diskresionêre deel van die hoofbegroting beloop R318,5 miljoen. Dit is fondse wat nog nie geormerk is om vaste uitgawes (soos salarisse) te dek nie. Die 2021-begroting vir die deurvoering van die Taalbeleid maak dus 14,0% van die totale diskresionêre fondse uit.
 - 2.2.1 'n Ernstige *oorweging* is dat hierdie diskresionêre fondse elke jaar volledig bestee word om sekere institusionele uitgawes (soos werwingsbeurse) te dek. Enige hertoewysing van bykomende diskresionêre fondse sou dus inhou dat sekere prioriteitswerksaamhede gestaak of ingekort moet word.
3. Module-inskrywings, modules wat nog nie in PMO-modus gelewer word nie, totale getal lokale, totale getal sitplekke, DHOO norme vir boukoste, indirekte koste en die terugbetaling van 'n moontlike lening om bykomende infrastruktuur op te rig – dit alles is in hierdie finansiële model ingewerk om die bykomende infrastrukturele koste van PMO te probeer bereken.

Die tabel wat volg, is 'n samevatting van afdeling 3.1 tot 3.9.

Samevatting	VG module- inskrywings	VG modules	Beraamde getal lesings per week*	Beraamde getal VE-studente	Sitplekke tans besikbaar	Bykomende sitplekke benodig vir enkel- en dubbelmedium-taalmod	Bykomende sitplekke benodig
Voorgraads einde 2020	169 913	1 435	5 453	22 770	25 273		
PMO	61 672	204	775	7 875	8 740		
<i>PMO as % van die totaal</i>	<i>36,30%</i>	<i>14,22%</i>	<i>14,22%</i>	<i>34,58%</i>	<i>34,58%</i>		
Nie-PMO	108 241	1 231	4 678	14 895	16 533		
<i>Nie-PMO as % van die totaal</i>	<i>63,70%</i>	<i>85,78%</i>	<i>85,78%</i>	<i>65,42%</i>	<i>65,42%</i>		
Vrygestel van taalspesifikasie	26 104	334	1 269	4 501	5 010		
<i>Nie-PMO, vrygestel van taalspesifikasie, as % van die totaal</i>	<i>15,36%</i>	<i>23,28%</i>	<i>23,28%</i>	<i>19,77%</i>	<i>19,82%</i>		
Nie-PMO, nie vrygestel nie	82 137	897	3 409	10 395	11 523	5 197	4 069
<i>Nie-PMO, nie vrygestel van taalspesifikasie nie, as % van die totaal</i>	<i>48,34%</i>	<i>62,51%</i>	<i>62,51%</i>	<i>45,65%</i>	<i>45,59%</i>		

Tabel 3: Opsomming van afdelings 3.1 tot 3.9

*Aanvaar 'n gemiddelde van 3,8 lesings per module per week.

3.1 Daar is huidig (teen jaareinde 2020) **169 913 module-inskrywings** vir **1 436** voorgraadse modules (meer as een inskrywing vir alle voorgraadse modules, buiten modules wat onder die Fakulteit Krygskunde of die Elsenburg Landbou Opleidingsinstituut tuishoort, voorgraadse modules op NKR vlak 8, asook modules wat onder die sentrale steundiensafdelings ressorteer) wat weekliks deur ongeveer **5 453** dosente aangebied word. Hierdie module-inskrywings kom op **±22 770** VE-studente neer.

3.1.1 'n VE-student kan omskryf word as 'n student wat ingeskryf is vir alle modules wat vir die betrokke akademiese jaar aangedui word – altesaam byna 120 krediete.

3.1.2 Die waarde wat hier aangetoon word, sluit inskrywings in vir modules wat nie deel van die programkurrikulum uitmaak nie (ook genoem “module-inskrywings”), en moet nog op skaal bereken word om sodanige modules uit te sluit. Die waarde hier is dus noodwendig groter as die amptelike HEMIS-VE-waardes.

3.1.3 'n Nuttige beraming van die getal VE-studente kan gedoen word deur die aantal module-inskrywings vir 'n sekere module te vermenigvuldig met die kredietwaarde van die betrokke module, die produk deur 120 (die

voorgeskrewe krediet totaal per jaar) te verdeel en die antwoord wat só vir elke tersaaklike module bereken is, bymekaar te tel.

- 3.1.4 Alle data oor modules en module-inskrywings vir die einde van 2020 wat hier gebruik word, is op 25 Januarie 2021 onttrek.
- 3.2 Die **169 913** module-inskrywings is soos volg saamgestel:
 - 3.2.1 Altesaam **61 672** was ten opsigte van **204** modules wat PMO gedoseer is. Hierdie module-inskrywings verteenwoordig **7 875** VE-studente.
 - 3.2.2 Die oorblywende **108 241** inskrywings was ten opsigte van **1 231** modules wat nie-PMO gedoseer is.
- 3.3 Hierdie **108 241** nie-PMO-module-inskrywings is soos volg saamgestel:
 - 3.3.1 Altesaam **26 104** was ten opsigte van **334 modules** wat **van taalspesifikasie vrygestel** is. Sulke vrygestelde modules handel tipies oor taal op sigself, soos wat in die taaldepartemente aangebied word.
 - 3.3.2 Die oorblywende **82 137** inskrywings was ten opsigte van **897 modules** wat nie-PMO gedoseer is nie en **nié van taalspesifikasie vrygestel** is nie.
 - 3.3.2.1 Hierdie modules word in **±3 409 lesings** per week gedoseer (as aanvaar word dat daar gemiddeld ±3,8 lesings per module per week is).
 - 3.3.2.2 Hierdie module-inskrywings verteenwoordig **±10 395 VE-studente**. Gevolglik is **±45,6%** uit die altesaam 22 770 VE-studente ingeskryf vir modules wat tans nie-PMO gedoseer word en nie van taalspesifikasie vrygestel is nie.
- 3.4 Daar is tans **202 lokale** (alle skeduleerbare lokale en rekenaargebruikersareas op die Stellenbosch- en die Tygerberg-kampus in January 2021) en rekenaargebruikersareas wat vir voorgraadse klasse gebruik kan word.
- 3.5 Die totale getal **sitplekke** wat in hierdie lokale beskikbaar is, is **25 273**.
- 3.6 Die benutting van hierdie **25 273 sitplekke** lyk soos volg:
 - 3.6.1 Ongeveer **34,6%** word alreeds vir PMO gebruik – die getal VE-studente in PMO (**7 857**) verdeel deur die totale getal VE-studente (**22 770**).
 - 3.6.2 'n Bykomende **19,8%** van die totale getal sitplekke word gebruik vir onderrig in modules wat van taalspesifikasie vrygestel is.
- 3.7 Dit wil sê, **±45,6%** (100% - 34,6% [PMO] - 19,8% [vrygestelde modules]) van die **25 273** sitplekke – d.w.s. **11 523** plekke – is beskikbaar vir bykomende PMO-modules. Hierdie getal sluit nie die aanvraag na skeduleerbare lokale vir honneurs-, nagraadsdiploma- en gestruktureerdemeesters-modules in nie.
- 3.8 Soos in 3.3.2.2 vermeld, is daar **10 395** VE-studente wat na PMO omgeskakel of eerder deur PMO geakkommodeer moet word om te verseker dat alle tersaaklike studente PMO ontvang. Hierdie VE-studente verteenwoordig module-inskrywings vir modules wat tans in *enkelmedium- of dubbelmedium-taalmodi* gedoseer word. Die getal benodigde sitplekke moet met 50% verhoog word om te voorsien vir onbenutte sitplekke wanneer die klasgroepe

kleiner as die lesingsaal se kapasiteit is, en vir die aanvraag na skeduleerbare lokale vir honneurs-, nagraadsdiploma- en gestruktureerdemeesters-modules. Dit kom op **5 197 bykomende sitplekke** te staan, wat beteken dat **altesaam 15 592 bykomende sitplekke vir PMO benodig** word. As die beskikbare getal sitplekke (11 523; verwys na 3.7) hierby afgetrek word, is die bykomende getal sitplekke wat uiteindelik kortkom **4 069**.

- 3.9 Die koste van die **4 069** sitplekke wat vir die uitgebreide PMO-aanbod benodig word, sluit die oprigtings- of inrigtingskoste, jaarlikse indirekte bedryfskoste en jaarlikse lewensikluskoste in.
 - 3.9.1 Bereken volgens die DHOO-norme vir boukoste sal die **totale oprigtings- of inrigtingskoste** van hierdie bykomende infrastruktuur (professionele fooie en gestruktureerde parking ingesluit) **R636,730 miljoen** beloop.
 - 3.9.2 Daarby dra elke bykomende sitplek ook 'n beraamde **jaarlikse indirekte bedryfskoste** (bv. elektrisiteitsverbruik, versekering en erfbelasting) **van R1 688 – R6,870 miljoen** per jaar vir 4 069 bykomende sitplekke.
 - 3.9.3 Die **jaarlikse lewensikluskoste** (wat 'n instandhoudingskomponent van 1,8% van die boukoste insluit) is **R2 314** per sitplek – altesaam **R9,417 miljoen** per jaar vir 4 069 bykomende sitplekke.
- 3.10 As die Universiteit die **R636,730 miljoen** sou leen, sal terugbetaling oor **20 jaar** heen **R60,102 miljoen per jaar** beloop, bereken teen **7%** rente (TEKO-koers 2021).
4. Hierdie beramings aanvaar dat daar geskikte fisieke ruimtes beskikbaar sal wees om sodanige bykomende lesingsale op te rig:
 - 4.1 'n Oppervlakte van altesaam **±20 345m²**, bereken volgens SANS 10400-norme van 5 m² per sitplek, sal benodig word vir die infrastruktuur om die bykomende sitplekke te verskaf wat vir PMO-uitbreiding benodig word. (Dit sluit nie kantoorruimte in vir bykomende personeel wat benodig mag word om die uitgebreide PMO-aanbod deur te voer nie.)
 - 4.2 'n Verdere **15 960 m²** vir **570 bykomende parkeerplekke** by die bykomende lesinglokale, soos vereis deur die regulasies van die plaaslike munisipale soneringskema, wat 4 parkeerplekke per 100 m² bruto verhuurbare of benutbare oppervlakte voorskryf. Gewoonlik is ongeveer 70% van die totale vierkante meter verhuurbare oppervlakte; d.w.s. 70% van 20 345 m².
5. Die volgende belangrike *oorwegings* moet in ag geneem word wanneer die oprigting van infrastruktuur van hierdie omvang op die sentrale Stellenbosch-kampus beoog word:
 - 5.1 Daar is 'n **gebrek aan fisieke oop ruimte** op kampus vir geboue van hierdie omvang.
 - 5.2 Daar moet **voldoende ontwikkelingsregte beskikbaar** wees om bykomende fisieke infrastruktuur van hierdie omvang sentraal op kampus te ontwikkel. Dit kan die sloping van bestaande US-fasiliteite en aansoeke om uitgebreide grondgebruik (soos 'n assessering van die verkeersimpak, assessering van die visuele impak, assessering van erfenisgoed, samevoeging

van erwe en aansoeke om hersonering) insluit, wat ingewikkelde prosesse behels om die nodige ontwikkelingsregte te bekom.

- 5.2.1 Die gepaardgaande koste (bereken teen R450 per totale vierkante meter vir 20 345 m²) kan **R9 155 250** beloop.
- 5.3 Dit sal potensieel 'n **impak hê op verkeer op en rondom die sentrale kampus** indien die parkeringsvereistes nagekom word. 'n Mens sou kon aanvoer dat die bykomende lesinglokale meestal sou wees om bestaande studente te akkommodeer, wat beteken dat dit nie 'n verkeersimpak sal hê nie. Die plaaslike owerhede is egter nie juis vatbaar vir sodanige begrondings nie.
- 5.4 Dit sal 'n impak op die **US se koolstofvoetspoor** hê.
- 5.5 Daar is **soneringskema-regulasies en ander statutêre vereistes** wat nagekom moet word.
- 5.6 Die **Raamwerk vir Ruimtelike Ontwikkeling sal hersien moet word**, aangesien die huidige langtermynbeplanning nie vir 'n gebou van hierdie omvang voorsien nie.
- 5.7 Die eksponensiële ontwikkeling in tegnologie en veranderende omstandighede kan die **toekomstige behoefte** aan so 'n gebou beïnvloed.
6. Wat die **personeelkoste van PMO** betref, kan die volgende model oorweeg word:
 - 6.1 Daar is **897** modules (verwys na 3.3.2) wat na PMO omgeskakel moet word.
 - 6.2 Die toepaslike bestaande formule waarvolgens die personeelkoste wat met PMO gepaardgaan, bereken word, kan gebruik word om die koste van die bykomende PMO-lesings te beraam. Die huidige formule skryf 10% van die BVV van 'n medeprofessor vir die PMO-modus in 'n semestermodule voor. Hierdie bedrag dek gemiddeld drie lesings per week, en sluit praktika en tutoriale uit. Die 2021-BVV-waardes is gebruik om die kostes hier onder te bereken, naamlik **R107 958** per semestermodule.
 - 6.3 Hiervolgens beloop die jaarlikse koste vir bykomende personeelkapasiteit vir die **897** betrokke modules **R96,839 miljoen** per jaar.
 - 6.3.1 Hierdie bedrag voorsien nie vir kantoorryimte vir bykomende personeel wat benodig mag word om die uitgebreide PMO-aanbod deur te voer nie, en dit sal aansienlik wees.
 - 6.4 'n Verdere kernbelangrike *oorweging*, buiten die vergoedingskoste van bykomende personeel, is die beskikbaarheid van toepaslik gekwalifiseerde akademiese personeel wat toegerus en gewillig is om in Afrikaans te onderrig.
 - 6.5 Die **implisiete personeelverwante koste** in die vorm van tyd wat bestaande personeel daaraan bestee om lesingmateriaal, eksamenvraestelle, verslae, aanbiedings, e-posse, ensovoorts uit Afrikaans in Engels en andersom te vertaal, beloop 'n bykomende bedrag van **R90 miljoen per jaar. R52 miljoen** daarvan verteenwoordig tyd wat bestee word deur **akademiese personeel** wat uit die **hoofbegroting** vergoed word. Hierdie kwantifisering is op die onderstaande *aannames* gegrond:
 - 6.5.1 dat alle **akademiese personeel** tot op posvlak 10 wat uit die **hoofbegroting** bekostig word, gemiddeld twee ure per week aan sodanige

take bestee, en dat alle **akademiese personeel** tot op posvlak 10 wat uit **ander fondse as die hoofbegroting** bekostig word, gemiddeld 45 min per week daaraan bestee;

6.5.2 dat alle **nieakademiese personeel** tot op posvlak 10 wat uit die **hoofbegroting** bekostig word, gemiddeld twee ure per week aan sodanige take bestee, en dat alle **nieakademiese personeel** tot op posvlak 10 wat uit **ander fondse as die hoofbegroting** bekostig word, gemiddeld 45 min per week daaraan bestee;

6.5.3 dat dit 1 950 werksure per jaar verteenwoordig;

6.5.4 dat 2020-personeelgetalle uitgedruk word as die getal voltydse ekwivalente seniorlektorekwivalente (VE-SLE); en

6.5.5 dat 2021-waardes van BVV toegepas is.

7. Wanneer die opsie oorweeg word om die PMO-aanbod by wyse van 'n **tegnologie-gemedieerde opsie** uit te brei, kan die onderstaande model oorweeg word:

7.1 Soos in 3.3.2 uiteengesit, sal **897 modules** na PMO omgeskakel moet word, wat **±3 409 lesings** per week behels.

7.2 Dit beteken dat **2 556 lesing-ure (45 min per lesing)** vasgelê, gedigitaliseer en aan die betrokke studente vir verbruik beskikbaar gestel moet word.

7.3 Volgens die Taalsentrum se beraming van die oorklankingskoste van opvoedkundige podsendinge verg dit 8 werksure om 'n 30-minute-podsending te ontwikkel; d.w.s. 12 werksure vir 'n 45-minute-podsending. As ons die Taalsentrum se beraming van die oorklankingskoste van opvoedkundige podsendinge toepas, en aanvaar dat die dosent slegs 'n oudiolêer aan die Taalsentrum voorsien en dat die digitale artefakte wat geskep word geen transkripsie of videoredigering verg nie, kom die oorklankingskoste per 45-minute-lesing op **R5 160** te staan. Die totale oorklankingskoste vir die **897 modules** wat ter sake is, sou dus **R13 188 960 (R14 703 per module)** beloop.

7.4 Die **Taalsentrum se oorklankingskapasiteit** in die vorm van beskikbare en opgeleide personeellede kom egter nie lineêr ooreen met sodanige verhoogde aanvraag na oorklanking nie. Die onderstaande tabel toon die aantal bykomende personeellede wat dit sou verg om die bykomende aanvraag binne 'n aanvaarbare omkeertydperk te lewer, uitgedruk as 'n aantal maande (kolom 1) sowel as die gepaardgaande bykomende vergoeding vir elke scenario (in die rye), bereken volgens die 2021-BVV vir posvlak 9. Daar is aanvaar dat 80% van nuwe personeellede se tyd vir oorklankingswerk beskikbaar sal wees. Die koste van opleiding en ruimte om sodanige personeel te akkommodeer is uitgesluit.

Aantal maande benodig vir oorklanking	Aantal bykomende oorklankings-personeel benodig	Maandelikse vergoeding van bykomende personeellede	Jaarlikse vergoeding van bykomende personeellede
1	289	R10 355 833	R124 270 000
2	142	R5 088 333	R61 060 000
3	93	R3 332 500	R39 990 000
4	69	R2 472 500	R29 670 000
5	54	R1 935 000	R23 220 000
6	44	R1 576 667	R18 920 000
7	37	R1 325 833	R15 910 000
8	32	R1 146 667	R13 760 000
9	28	R1 003 333	R12 040 000
10	24	R860 000	R10 320 000
11	22	R788 333	R9 460 000
12	20	R716 667	R8 600 000

Tabel 4: Personeel vir oorklanking

7.5 Daar is ook ernstige *oorwegings* rakende die **pedagogiese verantwoordbaarheid van sodanige asinchroniese PMO-opsie**, waar een (taal)groep 'n ruk nadat die lesing gelewer is, toegang daartoe kry sonder die voordeel van intydse kollaboratiewe interaksie met die dosent en medestudente. Daarteenoor bied die sinchroniese PMO-opsie aan albei (taal)groepe die voordeel van intydse kollaboratiewe interaksie met die dosent en met medestudente. Die waarde van die oorgeklankte lesing op sigself – die waarde daarvan vir hersiening en vaslegging van leermateriaal – word nie bevraagteken nie; eerder of dit 'n billike oplossing is as een van die taalgroepe nie die voordeel van die kollaboratiewe interaksie tussen studente en die dosent, soos tydens 'n lesing gebeur, het nie.

8. Die **moontlike impak** van die **PMO-in-lewende-lywe-opsie op studentegelde:**

8.1 Daar is aanvaar dat **16 845** voorgraadse studente – dit is, die totale getal voorgraadse studente (**21 000**) minus die NSFAS-studente in 2021 – argumentsonthalwe gebruik kan word om die genoemde koste te verhaal. Die rasionaal vir die uitsluiting van NSFAS-studente is dat hulle studentegelde aan 'n perk onderhewig is en geen bykomende koste dus van hulle verhaal kan word nie.

8.2 Om die koste van die tersaaklike **infrastrukturele koste en die direkte en implisiete personeelkoste** te verhaal, sal studentegelde met **30,4%** per jaar moet verhoog word. Die per-student-koste, bereken vir **16 845** voorgraadse studente, werk op **±R15 210 per jaar** uit (uiteensetting hier onder). Dit is gebaseer op die deurlopende koste per jaar van **R256 214 716**. 'n Gemiddelde voorgraadsestudentefooi van R50 000 per jaar is as vertrekpunt

geneem. Hierdie koste is addisioneel tot die koste van die implementering van die bestaande taalbeleid.

Die onderstaande tabel toon die **moontlike impak op studentefoie** aan (om die impak op studente te illustreer indien geen aanvullende bronne van befondsing gevind kan word nie)

Voortgesette koste	Per jaar	Per student	% verhoging in studentegelde
Leningafbetalings vir infrastruktuur (20-jaar-termyn)	R60 102 861	R3 568	7,1%
Lewensiklus koste van infrastruktuur (geleentheds- en instandhoudingskoste)	R9 417 125	R559	1,1%
Bykomende PMO-personeelkoste	R96 838 954	R5 749	11,5%
Implisiete personeelkoste			
Steundiens- en akademiese personeel (alle begrotings)	R89 855 777	R5 334	10,7%
Akademiese personeel (slegs hoofbegroting)*	R52 460 741	R3 114	6,2%
Totaal (implisiete koste van alle personeelskenario's)	R256 214 716	R15 210	30,4%
Totaal (implisiete koste van skenario vir akademiese personeel op die hoofbegroting)*	R218 819 680	R12 990	26,0%

Tabel 5: Deurlopende koste en % verhoging in studentefoie

*Die koste van akademiese persoon wat uit die hoofbegroting bekostig word, is ingesluit as deel van die steundiens- en akademiese personeel wat uit alle begrotings in hierdie tabel begroot word.

9. Vir die **tegnologies-gemedieerde PMO-opsie** sal die **moontlike impak op studentegelde** soos hier onder lyk (dit is, die impak op studente as geen ander bronne van aanvullende befondsing gevind kan word nie):
 - 9.1. Om die **oorklankingskoste** te verhaal, sal **1,6%** by studiegeld per jaar byvoeg. Die per-student-koste bereken vir **16 845** voorgraadse studente werk op **±R783 per jaar** uit. 'n Gemiddelde voorgraadse studentefoie van R50 000 per jaar is as vertrekpunt geneem. Hierdie koste is addisioneel tot die koste van die implementering van die bestaande taalbeleid.
 - 9.2. Wat verder in ag geneem moet word is dat die Taalsentrum se kapasiteit met betrekking tot beskikbare en opgeleide personeel en daarom ook die bestaande kostestruktuur, nie lineêr skaleer met die uitgebreide addisionele oorklankingsbehoefte nie (sien afdeling 7.4). Die oorklankingskoste sal dus beduidend verhoog. Vir die tegnologies-gemedieerde PMO-opsie om marginaal vergelykbaar te wees met die aangesig-tot-aangesig PMO-opsie, is dit veilig om aan te neem dat die oorgeklankte materiaal beskikbaar behoort te wees aan studente 'n maand of minder na die werklike lesing plaasgevind het.

Om die **oorklankingskoste** in hierdie scenario (soos aangetoon vir die 1 maand scenario in Tabel 4) te verhaal sal neerkom op 'n verhoging van **16,3%** in studentefoosie per jaar. Die per-student-koste bereken vir **16 845** voorgraadse studente werk op **±R8 160 per jaar** uit. 'n Gemiddelde voorgraadse studentefoosie van R50 000 per jaar is as vertrekpunt geneem. Hierdie koste is addisioneel tot die koste van die implementering van die bestaande taalbeleid.

- 9.3. Die **ernstige bedenkinge** rakende die pedagogiese verantwoordbaarheid van hierdie model moet verder deeglik oorweeg word.